# PRAKTIESE
# GRAMMATIKA

VAN DIE

# AFRIKAANSE TAAL

SPESIAAL
VIR GEBRUIK IN SKOLE TOT EN MET
MATRIEK.

DEUR

C. M. BOOYSEN, B.A., O.i.,
Lektor in Afrikaans aan die Natalse Opleidingskollege,
Pietermaritzburg,

EN

MEVR. M. JANSEN, B.A.

DERDE DRUK.

Gedruk en Uitgegee deur die
NASIONALE PERS, BEPERK, PIETERMARITZBURG,
KAAPSTAD EN BLOEMFONTEIN.

1922.

Skb
439.368
BOO

# PRAKTIESE
# GRAMMATIKA
VAN DIE
# AFRIKAANSE TAAL

*SPESIAAL*
VIR GEBRUIK IN SKOLE TOT EN MET MATRIEK.

---

DEUR

C. M. BOOYSEN, B.A., O.i.,
Lektor in Afrikaans aan die Natalse Opleidingskollege,
Pietermaritzburg,

EN

MEVR. M. JANSEN, B.A.

---

DERDE DRUK.

HET DAGHET OVERAL
NASIONALE PERS BPK

Gedruk en Uitgegee deur die
NASIONALE PERS, BEPERK, PIETERMARITZBURG,
KAAPSTAD EN BLOEMFONTEIN.

1922.

# VOORWOORD.

'n Deel van hierdie grammatika het reeds drie jaar gelede onder die naam van *Grammatika van die Afrikaanse Taaleksamen* die lig gesien. Soos die naam aandui, is hierdie deel opgestel met die doel om 'n leidraad te gee aan leerlinge in hulle voorbereiding vir die Afrikaanse-Taaleksamens wat deur die Saamwerk-Unie van Natalse Verenigingе uitgeskrywe is. Behalwe die Taalboek van dr. D. F. Malherbe was hierdie grammatika-deel, onvolledig as dit was, tog nog die eerste Afrikaanse grammatika wat verskyn het; en die goeie ontvangs wat die oorspronklike pamfletjie geniet het, het ons daartoe aangemoedig om dit aan te vul en te verbeter en nou in die vorm van 'n volledige grammatika uit te gee. Met die hersien en aanvul van hierdie boekie het ons gebruik van die volgende boeke gemaak: *Afrikaanse Taalboek,* deur dr. D. F. Malherbe; *Grammar of Afrikaans,* deur Botha en Burger; *Nederlandse Spraakkunst,* deur Koenen; en *Prakties Hollandse Spraakkunst,* deur Van Ryn.

Hierdie boek bevat geen oefeninge nie, maar 'n aparte oefeningboek—*Oefeninge en Taalwerk*—is in aparte boekvorm deur die opstellers van hierdie grammatika uitgegee. Ongetwyfeld sal so 'n stel oefeninge die leerling tot veel meer nut strek as enkele oefeninge in 'n grammatika bevat. Dit dien as 'n beter toets van sy kennis; en so 'n boekie kan ook in verband met ander grammatikas gebruik word.

Hierdie grammatika is oorspronklik geskrywe met die doel om in 'n groot behoefte te voorsien—die behoefte aan 'n grammatika of spraakkuns-

reëls wat die Afrikaanse leerling wat rondtastend in die donker was, in die studie van sy eie taal tot sekerheid en lig kon bring. Dat hierdie behoefte nog bestaan, blyk uit die feit dat onlangs soveel Afrikaanse grammatikas in die lewe gekom het; en ons stuur hierdie boekie die wêreld in op hoop dat in elementêre sowel as hoër onderwys dit vir leerling en onderwyser tot nut mag wees. Ons poging was om die spraakkunsreëls in die eenvoudigste taal moontlik uiteen te sit, sodat selfs 'n kind dit maklik kan begryp; en waar hierdie boekie te kort skiet of aangevul of verbeter kan word, sal ons bly wees om wenke daartoe van die publiek te ontvang.

Dat 'n derde uitgawe van die Grammatika nodig is in minder as twee maande ná die verskyning van die twede druk, het ons verwagtinge ver te bowe gegaan en getuig van die byval wat dit geniet. Ons voel bly en geëerd dat ons ook so 'n ietsie kon bygedra het tot bevordering van die Afrikaanse taal, en dit is met genoeë dat ons die derde, veel verbeterde en verder uitgewerkte uitgawe die wêreld instuur.

'n *Aanhangsel* word bygevoeg, waarin ons ons sienswyse verduidelik waar dit met dié van sekere krietisie nie ooreenkom nie.

Ons bedank ook alle betrokke kollegas vir hul vriendelike en welwillende aan- en opmerkinkies. Ons stel dit hoog op prys.

M. JANSEN.
C. M. BOOYSEN.

Pietermaritzburg,
April, 1922.

# INHOUD.


| *Hoofstuk.* | | *Bls.* |
|---|---|---|
| I. | Afrikaanse Spelling ... ... ... ... | 7 |
| II. | Klanke ... ... ... ... ... ... | 12 |
| III. | Algemene Spelreëls ... ... ... ... | 17 |
| IV. | Skryftekens ... ... ... ... ... | 25 |
| V. | Lettergrepe ... ... ... ... ... | 34 |
| | Hoofletters ... ... ... ... ... | 36 |
| | Rededele ... ... ... ... ... | 38 |
| VI. | Die Selfst. Naamw.—Meervoude ... ... | 39 |
| VII. | Die Selfst. Naamw.—Meervoude (vervolg) | 47 |
| VIII. | Die Selfst. Naamw.—Verkleinwoorde ... | 54 |
| IX. | Die Selfst. Naamw.—Geslag ... ... | 57 |
| X. | Die Selfst. Naamw.—Naamvalle ... ... | 60 |
| XI. | Die Lidwoord ... ... ... ... ... | 63 |
| XII. | Die Byvoeglike Naamwoorde ... .. | 64 |
| | Trappe van Vergelyking ... ... ... | 66 |
| XIII. | Die Byvoeglike Naamw.—Verbuiging ... | 73 |
| XIV. | Die Telwoord ... ... ... ... ... | 79 |
| XV. | Die Voornaamwoord ... ... ... ... | 82 |
| | Die Persoonlike Voornaamwoord ... ... | 82 |
| | Die Besitlike Voornaamwoord ... ... | 85 |
| | Die Aanwysende Voornaamwoord ... | 86 |
| XVI. | Die Vraende Voornaamwoord ... ... | 89 |
| | Die Betreklike Voornaamwoord ... ... | 90 |
| | Die Onbepaalde Voornaamwoord ... | 92 |
| XVII. | Die Werkwoord ... ... ... ... | 93 |
| | Vervoeging van Reëlmatige W.w. ... | 94 |
| XVIII. | W.w. vervolg.—Gebiedende Wys ... ... | 102 |
| | Byvoegende of Aanvoegende Wys ... | 103 |

*Hoofstuk.* *Bls.*


| | | |
|---|---|---|
| XIX. | W.w. vervolg.—Die Onbepaalde Wys ... | 107 |
| XX. | W.w. vervolg.—Deelwoorde ... ... ... | 116 |
| XXI. | W.w. vervolg.—Onreëlmatige W.w. ... | 120 |
| XXII. | W.w. vervolg.—Vorm ... ... ... ... | 131 |
| | Onpersoonlike Werkwoorde ... ... | 134 |
| | Terugkerende Werkwoorde ... ... | 134 |
| XXIII. | W.w. vervolg.—Samegestelde W.w. ... | 136 |
| | Afgeleide Werkwoorde ... ... ... | 140 |
| XXIV. | Die Bywoord ... ... ... ... ... | 142 |
| XXV. | Die Voorsetsel ... ... ... ... ... | 147 |
| XXVI. | Die Voegwoord ... ... ... ... ... | 154 |
| XXVII. | Sinsontleding.—Die Enkelvoudige Sin ... | 158 |
| | Sinsontleding.—Samegestelde Sin ... | 161 |
| XXVIII. | Woordvorming.—Afgeleide Woorde ... | 165 |
| XXIX. | Woordvorming.—Samegestelde Woorde ... | 171 |
| | Die Gebruik van die Koppelteken ... | 175 |
| XXX. | Dubbele Ontkenning ... ... ... ... | 178 |
| | Aanhangsel I.—Die Intervokaliese G. ... | 184 |
| | Aanhangsel II.—Stoflike Byv. N.w. ... | 188 |